Chemists PLUS -apteke
CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

IN U LIG SIEN ONS DIE LIG

die WAPAD

ASPU

AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.

JAARGANG XXXII NOMMER 10 19 AUGUSTUS 1977

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

NUWE S.S.R.

Theuns Eloff (Voorsitter)

Douw Breed (Onder-voorsitter)

Jan Botha

Johan van Rensburg

Helena Stoker

Gerrie van Wyk

Zaks Schwellnus


Jan Strydom

Piet Fourie


Jan-Louis du Plooy

Danie de Kock

Pieter Odendaal

Steinman de Bruyn

Riaan du Plessis

Japie Cronje

Adriaan van der Walt

ONS KOM AS DIE SHIMLAS

Wouter Hugo van Shimlakaptein

DIE Intervarsity behoort weer eens 'n hoogtepunt op te lewer vir die Shimla Rugbyklub. Ons sal weer poog om 'n prag-oorwinning oor die Puk te behaal.

Vergeet van groot name, Springbokke, Provinsiale spelers, ens; OVS kom as 'n Shimla span en die eer daaraan verbonde is net so groot.

Ons onder twintig-span, Irawas en Shimlas sal graag aan ons ondersteuners wil toon waarom ons as een van die prestige klubs in die land beskou word.

Dat die Puk egter 'n waardige en gevaarlike teenstander is, sal ons nie uit die oog verloor nie. Dit egter, sal ons net tot 'n deegliker voorbereiding motiveer.

Ons sien uit na die Intervarsity.

Rugby groete.

Prof. J. v.d. Walt

INTERVARSITY-UITGAWE

WELKOM KOVSIES

AAN die PU vir CHO voel wakker jong Christen Afrikaners dadelik tuis.

En daarom aan ons bure uit die suide, inboorlinge van en immigrante na die Oranje Vrystaat: Hartlik welkom!

Ons is bly u is hier. Deur die jare het besondere bande tussen ons twee universiteite gegroei. In talle opsigte is ons geesgenote en strydgenote.

Strydgenote... meestal skouer aan skouer, maar met Intervarsity is dit bul teen bul.

Mag dit hard, skoon en vurig gaan in die beste tradisie van die verlede, met ware sportmanskap en egte studentegees om die heel beste uit elke deelnemer te haal.

Dat die Rektor van Kovsieland, prof. Wynand Mouton, sy eerste intervarsity as rektor juis op Potchefstroom kom meemaak, is vir ons 'n eer en 'n voorreg. 'n Besondere welkomsgroet aan hom en sy huis.

En dan ten slotte, die strydrosse van weleer, alle oud-Pukke wat vandag in sulke groot getalle saam met ons is: Heerlik om u hier te hê – en kyk maar na die prestasies van ons studente op en om die sportvelde vandag, en u sal sien hoe hulle u teenwoordigheid hier ten seerste waardeer.

Suid-Afrika van môre het manne en vroue van staal nodig. Intervarsity help hulle slyp.

Geniet dit!

GROETE VAN KOVSIE-REKTOR

DIE jaarlikse intervarsity tussen die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. en die Universiteit van die Oranje-Vrystaat is nie 'n blote sportgeleentheid nie; dit is 'n tradisieryke en luisteryke sportfees waaraan duisende studente, as spelers en toeskouers, met borrelende oorgawe, spontaneïteit en lojaliteit deelneem: nie 'n gebeurtenis nie, maar verrykende en verruimende belewenis.

Prof. W.L. Mouton Kovsieland se Rektor

Verlede jaar het honderde Pukke na Bloemfontein opgeruk en hier in Kovsieland kragte kom meet met die keur van die Kovsiespanne. Vanjaar is dit ons voorreg om met 85 spanne oorkant die Vaal te gaan kuier om die Pukke „aan die brand" te gaan speel.

Waar sport in ons moderne tyd so dikwels misbruik word as 'n politieke en diplomatieke speelbal, is dit my innige wens dat hierdie skouspelagtige kragmeting tussen twee Afrikaanse Universiteite 'n trotse vertoning sal wees van sportmanskap in sy suiwerste en edelste tradisie van „worstel en wen as jy kan, maar stry en verloor as jy moet soos 'n man".

Mag hierdie 37ste intervarsity ondubbelsinnig en onweerlegbaar die klassieke uitspraak bevestig: Mens Sana in Corpore Sano.

Ons waarborg die laagste pryse



NATIONAL	R589
SONY	R639*
SONY CONSOLE	R695*
FUTRONIC	R795*
PIONEER	R699
BLAUPUNKT	R699*
BLAUPUNKT 58cm	R625*
BLAUPUNKT CONSOLE	R779*
PHILLIPS	R739
TELEFUNKEN	R739

* 3 JAAR WAARBORG

ALLI'S
DISKONTOHUIS
TEL. 3810, WINKEL 29, INDIËR SENTRUM
POTCHEFSTROOM



Killing Me Softly With Her Song is een van die talle liedjies in die nuwe Tjorrel Goedjies, wat nou beskikbaar is vir R1.50 (Foto, Jaco Pretorius)

WAT JOU STEM VERRAAI

deur Annadien Coetsee

JOU stem is die draer van jou gedagtes. Hierdie gedagtes weerspieel jou lewensbeskouing. Jou lewensbeskouing is die produk van jou hart. Jou hart is die kern van jou wese. Luidrugtigheid het nog nooit van goeie smaak getuig nie. So ook nie skril praat, te hard lag of te skree nie. Moenie te vinnig praat nie. As jy geen welluiddende, musikale stem het nie, maak dan die beste van wat jy het. Maak seker dat mense van die toon en graad van luidheid van jou stem hou. Hul ore moet letterlik lekker kry as jy praat. Ons dames beny die meeste mans hul lae, resonante stemme. 'n Mens kan ure lank na so 'n stem luister sonder om moeg te word.

Dink ook na oor wát jy praat. Praat jy gewoonlik oor jouself en oor jou eie doen en late? Dan sal jy nooit gewild wees nie. Dis 'n kuns om boeiend te gesels. Gesels oor iets waarvan jy werklik weet, want kennis gee 'n gevoel van mag. Jou stem is eintlik die instrument waarmee jy vriende maak. Miskien is jy te skaam of skugter om gou met mense te begin gesels. Begin met "Goeiemôre" aan iemand met wie jy saam klas loop. Probeer elke dag om met iemand anders 'n gesprek aan te knoop.

Jou stem kan ook die instrument wees waarmee jy vriende afstoot. Dink aan die skinderstem. Iemand wat skinder, skend die gawe van spraak.

Taalgebruik word by die omstandighede aangepas. Studentetaal is vir die student interessant maar dit is onhoflike om jare na jou studentelewe met jou maat studentetaal te praat as daar 'n derde persoon teenwoordig is.

Dit is 'n kuns om te luister. Kahlil Gibran meen dat mense wat die meeste praat en die minste luister ook die minste intelligensie kan besit. "Hoe meer jy praat, hoe meer vergeet jy wat onthou moet word: Hoe meer jy vergeet, hoe minder onthou jy. Dus, waarom praat jy?"

Langenhoven het ook gesê: "Leen jou oor aan elkeen wat 'n mond het, maar nie jou mond aan elkeen wat 'n oor het nie."

ASB KONGRES

WANHOOP OF VERTROUE

Gerrie van Wyk

DIE tema van die 29ste Bondskongres, wat van 4-8 Julie by die Universiteit van Pretoria plaasgevind het, was "S.A. in stroomversnelling wanhoop of vertroue?" Ongeveer 350 studente van die onderskeie ASB geaffilieerde kampusse het die kongres bygewoon.

Daar is introspeksie gehou oor die Christelik-nasionale grondslag van die ASB. of daar nog bestaansreg vir so 'n grondslag is. Die mening was dat dit ongetwyfeld bestaansreg het. Aangesien sommige persone moontlik van hierdie omskrywing kon misbruik maak en inderwaarheid 'n nasionaal - christelike beskouing kon gehuldig, is die begrippe Christelik - nasionaal nader omskryf. Dit kom neer op radikale christelike verankering wat deurwerk in die praktyk. Dit is geensins twee stelle beginsels nie, maar eersgenoemde kwalifiseer laasgenoemde.

Die amptelike opening is deur die Minister van Binnelandse Sake Dr. Connie Mulder waargeneem. Hy het gesê dat die wêreld vandag 'n plek is waarin daar beding word en Suid-Afrika moet hierdie negatiewe bedingingsmag van hom ten volle benut om sy eie toekoms te verseker by diegene wat belang het by vreedsame oplossings in Suidelike-Afrika. Suid-Afrika se strategiese ligging is sy positiewe bedingingsmag.

"Is die beleid van die NP voldoende om ons kano vlot te hou in die politieke stroomversnelling wat ons tans in Suider-Afrika ervaar, het hy gevra.

Die antwoord kan net positief wees indien ons bereid is om sonder huiwering, met waagmoed en realisme, die beleid tot sy volle konsekwensies deur te voer, het hy sy eie vraag beantwoord.

Met behoud van eie identiteit, soewereiniteit en eie besluitnemingsmag oor ons eie mense in die hande van ons eie mense, dan alleen 'n ooreenkoms bereik kan word met ons bruin, geel en swart mede-inwoners. Elkeen moet tot sy reg kom op sy eie manier. Hy voorsien indien nodig, radikale besluite, wat die Afrikaner bereid sal wees om te aanvaar, indien sy voortbestaan daarmee verseker kan word.

Dr. Mulder het t.o.v. die tuislande daarop gewys dat S.A. in die toekoms moontlik op versoek van die tuislandregerings sal onderhandel oor moontlike verdere konsolidasie van die gebiede tot meer lewensvatbare eenhede.

Die stedelike en plattelandse swartman wat in ons blanke gebiede woonagtig is en werk, sal polities en sinvol ten volle gehuisves moet word in sy tuisland. Dit spreek dus duidelik uit die voorafgaande dat die Blanke in Blanke gebied primêr is en bly en die swarte sekondêr, soos die omgekeerde in die tuisland waar is.

(word vervolg)



Louis van Rensburg, Alabama musiekregisseur.

Waar's Alabama?

'N MENS hoor die vraag deesdae baie. Waar is Alabama vanjaar? Het die groep doodgeloop? Was die vertoning 'n misluk-king - of wat?

Die saak staan so - Alabama gaan in Desember toer in plaas van Julie. Die vertonings in Potchefstroom, Klerksdorp, Pretoria en Johannesburg word in Februarie en Maart gehou. Die toer self duur vanaf 26 November tot 22 Desember en REVUE 78 sal volgende jaar deel vorm van die Karnavaljoligheid.

Volgens Louis van Rensburg is hierdie verandering aangebring om 'n aantal redes, nl. die akademie meng te veel in met konserte en sport, griepvirusse kry 'n te groot deel van Alabama se inkomste en daar kort 'n bietjie vrolikheid vroeg in die akademiese jaar.

Op Saterdag 27 Augustus 1977 om 19h30 kan die Pukke na Alabama kom luister en die film **Breakheart Pass** sien. Alabama gee met dié aand se fliek bonusvermaak deur 'n halfuurprogram waar o.a. uittreksels uit ROCKY en die musiekblyspel THE ME NOBODY KNOWS gehoor kan word.

Volgens Louis van Rensburg is hierdie musiek wat redelik vreemd is aan Alabama, en hy sal graag wil hoor wat die PUKKE daarvan dink. So, PUKKE, kom pak die Totiussaal volgende Saterdag dat sy nate bars, en kom maak weer so in Maart volgende jaar!

Alabama is gedurende die vakansie op die volgende plekke: Parys, Springs, Ermelo, Kroonstad, Bloemfontein, Rob Ferreira vakansie-oor (Christiana), Hartenbos en Riversdal.

Hou net die plakkate dop in November en Desember.

SAASF-KONGRES '77

(SA Aptekerstudente Federasie)

Vanjaar se SAASF-kongres gehou van 24 tot 28 Junie in Kaapstad, is deur die grootste aantal kongres gangers ooit van die PASV (Potchefstroom Aptekerstudente vereniging bygewoon. Hulle het ook die maksimum aantal raadslede in die algemene vergadering gehad nl. 6. Dit is toe te skryf aan die groot PASV-ledetal.

Die nuwe voorsitter van die PASV, Mike Sunderstedt, het die Penny Ambler trofee verower vir die persoon wat die 1ste keer 'n kongres bywoon vir die beste deelname aan en optrede by die kongres.

Die weer het so saamgespeel dat hulle een dag sonskyn gehad het en dus Tafelberg met die kabelspoor kon besoek.

Mnr. W.H. Seales, rektor van die Kaapstadse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys het die kongres geopen.

Die algemene vergadering het vir die verloop van die kongres die verslae oor die werksaamhede in elke portefeulje van SAASF behels.

Mosies is ter tafel gelê met toesprake deur die onderskeidelike afgevaardigdes van SAAV, SAAR, SARCADA, Groothandel Aptekersvereniging, en die Hospitaalaptekersvereniging.

Verkiesing van erelede en ook die nuwe presidensiële komitee is gedoen.

Volgende jaar se kongres word deur NPSA (Natal Pharmaceutical Student's Association) in Durban aangebied.

Die meeste kongrestyd is bestee aan die verandering van die bestaande konstitusie vir SAASF.

"Motivation workship" is deur die formaseutiese firma, Wellcome, aangebied waarna daar met voorstelle gekom is ter uitbouing van SAASF.

'n Belangrike gedagte wat hieruit gespruit het, was dat daar samewerkign i.p.v. kompetisie tussen takke moet wees.

PRO-REGE

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

PRO REGE-PERS BEPERK

„die Potchefstroomse boekhandel"

Tomstraat 86 - - Potchefstroom

Tel. 8875

Vakansiewerk!

Soek U Vakansiewerk? Maandeliks R400 - R600. Skakel Pieter Fourie, Gang 2, CAPUT.

THALIA NÁ DIE TOER

deur Pieter Oberholzer

Thalia se Sakke vol Geld, geskryf deur Crous en Valantine is vandeesweek op die kampus aangebied. Die produksie was baie geslaagd en die spel het beslis ryper geword vandat hulle op toer vertrek het.

Die stuk het nie soos voorheen baie "bygekry" tydens die toer nie. Die rede is seker dat die regisseur, Henk Wijbenga, ook toerpa was en die spelers in toom gehou het.

Die stuk het nie 'n verskriklike intrige nie. Dit is 'n heerlike ontspanningsdrama met allerlei verrassings vir die gehoor. Die verrassings, tesame met skreeusnaakse dialoog, het die gehoor telkens laat skater.

Die spel was oor die algemeen baie goed, met uitsonderlike spel van Antjie Pretorius as die oujongnooitante mej Muller. Charl van Niekerk het as Sproet, die mansbediende, uitstekend geslaag. Riaan van der Walt was op sy stukke as Giel, die tuinier. Gerrit du Plooy het in sy vele rolle (en flaters!) baie goed geslaag.

Die dekor het ooglopend al 'n toer deurgemaak, want deure word baie versigtig toegemaak dat die portrette nie rondskuif nie. Die meubels was baie gepas en smaakvol gekies.

Opsommend: 'n aand van heerlike vermaak met min probleme en haakpuntjies. Baie geluk!

PROGRAM

Vrydag – 19 Aug 1977

1. **Etenstye**

Midagete vanaf 12h00 (Slegs Kovsie deelnemers – Eet saam met koshuise waar julle ingedeel is).
Aandete vanaf 18h00

2. **Binnenshuise Sportsoorte**

13h00
Valskerm – Weermag – Lughawe
14h00
Tennis – Fanie du Toit Tennisbane
Tennis – PU I vs UV I Mans
Tennis – PU I vs UV I Dames
Tennis – Koshuis I vs UV I Mans
Tennis – Koshuis I vs UV I Dames
14h30
Muurbal – PU – Muurbalbane
18h00
Trapkar – Kampus
18h30
Skerm – Saal agter Muurbalbane
Gimnastiek – L O Dept (Klein saal)
Retoriese Ven Debat – Frans du Toitgebou
19h00
Stoei – Totiussaal (inweeg 17h30)
Skaak – Dierkunde Laboratorium
Pluimbal – L O Dept (Groot saal)
19h30
Skynhof – Frans du Toit
21h00
Judo – Totiussaal
22h00
Karate – Totiussaal

Saterdag – 20 Aug 1977

1. **Etenstye**

Ontbyt vanaf 06h30 (Slegs Kovsie deelnemers – Eet by koshuise waar julle ingedeel is).
Middagete vanaf 12h00

2. **Bus vertrektye**

Na Olënpark – vanaf 12h00
Na PU – kampus – vanaf 17h30
(Alle busse na Olënpark vertrek vanaf die hoofhek by die Frans du Toitgebou).

08h30
Tennis (vervolg) – Fanie du Toit
Muurbal (vervolg – PU – Muurbalbane
09h00
Scuba – Boskopdam
Kano – Potch Dam
09h30
Sokker: PU II vs UV II – Weermagveld A
11h00
Sokker: PU I vs UV I – Weermagveld A
10h00
Landloop – Fanie du Toit (Atletiekbaan)
09h00 Dameshokkie
PU II vs UV II – Fanie du Toit A
Klawerhof vs Madelief – Fanie du Toit B
Soetdorings vs Wag-'n-bietjie – Fanie du Toit C
Kasteel vs Van der Merwe – Fanie du Toit D
10h00
PU I vs UV I – Fanie du Toit A
Wanda vs Welwitchia – Fanie du Toit B
Wag-'n-Bietjie vs Steyn – Fanie du Toit D
Karlien 2 vs Stad – Fanie du Toit C
11h00
Vergeet-my-nie vs Soetdorings – Fanie du Toit B
Karlien vs Akasie – Fanie du Toit C
11h00 Manshokkie
PU I vs UV I – Fanie du Toit A
0930 Netbal
Klawerhof vs UV o/20 A – Fanie du Toit 1
Kulu vs Van der Merwe – Fanie du Toit 2
Oosterhof vs Soetdorings – Fanie du Toit 3
Wanda vs Welwitchia – Fanie du Toit 4
Heide 2 vs Kestell – Fanie du Toit 5
10h15
PU II vs UV II – Fanie du Toit 1
Karlien vs UV o/20 B – Fanie du Toit 2
Heide vs Vergeet-my-nie – Fanie du Toit 3
Wag-'n-bietjie vs Steyn – Fanie du Toit 4
11h00
PU I vs UV I – Fanie du Toit 1
08h55 Rugby
PU o/20 vs De Wet I – Fanie du Toit A
Caput 3 vs De Wet 2 – Fanie du Toit C
Hombré 3 vs Olienhout 3 – Fanie du Toit D
Dawie Dup 3 vs Karee 3 – Fanie du Toit B
Over de Voor 3 vs Verwoerd 2 – Fanie du Toit E
Dorp 3 vs Stad 3 – Fanie du Toit F
Klooster 2 vs Reitz 2 – Fanie du Toit G
Drakenstein 2 vs Kiepersol 2 – Fanie du Toit H
10h00
PU o/20 A vs Olienhout I – Fanie du Toit A
Caput 2 vs Karee 2 – Fanie du Toit C
Hombré 2 vs Malherbe 2 – Fanie du Toit D
Dawie Dup 2 vs Hertzog 2 – Fanie du Toit B
Over de Voor 2 vs Stad 2 – Fanie du Toit E
Dorp 2 vs Olienhout 2 – Fanie du Toit F
Klooster 1 vs Vishuis 1 – Fanie du Toit G
Drakenstein 1 vs Malherbe 1 – Fanie du Toit H
11h00
PU II vs Stad I – Fanie du Toit A
Caput I vs Kipersol I – Fanie du Toit C
Hombré I vs Verwoerd I – Fanie du Toit D
Dawie Dup I vs Hertzog I – Fanie du Toit B
Over de Voor I vs Reitz I – Fanie du Toit E
Dorp I vs Karee I – Fanie du Toit F
13h00
Jongspan vs UV o/20 A – Olënpark
14h15
Ibbies vs Irawas – Olënpark
15h40
Heildronk
16h10
PU I vs UV I – Olënpark
18h00
Skemerkelkie (Slegs op uitnodiging) – Koos Snymansaal Olënpark
19h00
Massa vermaak en Ontspanning – Kampus en Dorp
23h00
AU REVOIR!

INTERVARSITY
19-20 Augustus 1977

Verblyf en ander reëlings

Vrydag, 19 Augustus 1977

11h00 – 17h00
UV – Tennis, skermers, stoeiers, valskermers, judoka, muurbal, gimnaste, pluimbal, karate-do meld aan by Kafeteria en gaan soos volg na die koshuise vir aandete en slaap:

Gimnastiek
9 Dames na Oosterhof
Skerm
6 Dames na Oosterhof
3 Mans na Uitspan
Muurbal
10 Dames na Wag-'n-bietjie
15 Mans na Hombré
Pluimbal
3 Dames na Vergeet-my-nie
6 Mans na Caput
Stoei
12 Mans na Hombré
Karate
5 Mans na Heimat
3 Dames na Vergeet-my-nie
Judo
7 Mans na Hombré
Tennis
20 Dames na Karlien
20 Mans na Caput
Valskerm
15 Mans na Hombré

Saterdag, 20 Augustus 1977
± **07h30** KOVSIES ARRIVEER
Alle Kovsies meld aan by die volgende koshuise wat as gasshere optree:
Rugby
Piet Grobler – Malherbe 1,2
Heimat – Olienhout 1, 2, 3
Uitspan – Karee 1, 2, 3
Hombré – Verwoerd 1, 2
Dawie Du Suid – Hertzog 1, 2
Dawie Dup Noord – Stad 1, 2, 3
Over de Voor – Reitz 1, 2
Klooster – Vishuis 1
Caput – Kieperzol 1, 2 De Wet 1,2
Netbal
Wag-'n-Bietjie – Steyn
Klawerhof – o/20 A
Karlien – o/20 B
Heide – Vergeet-my-nie en Kestell
Oosterhof – Soetdoring
Wanda – Welwitchia
Kulu – van der Merwe
Dameshokkie
Soetdorings – Wag-'n-bietjie
Klawerhof – Madelief
Heide – Steyn
Karlien – Akasia en Vergeet-my-nie
Wag-'n'bietjie – Stad
Vergeet-my-nie – Soetdorings
Wanda – Welwitchia
Tennis
Mans PU– Tennisbane – Fanie du Toit Sportterrein
Dames: PU – Tennisbane – Fanie du Toit Sportterrein

LET WEL!

1. Middagete word slegs aan UV-deelnemers bedien.
2. Die PU – Kafeteria langs die Totiussaal sal vanaf Saterdagoggend om 07h00 oop wees vir diegene wat koeldranke, tee, koffie, vleisrolletjies, hamburgers, ensovoorts wil koop.

Vanaf 12h00
Middagete vir deelnemers by hul gasheerkoshuise
13h00
Hoofprogram begin op Olënpark
Albei studentegroepe sit op die hoofpawiljoen en word versoek om die Stadion vanaf die noorde- of suidekante binne te kom.
Kovsies sit aan die Noordekant.
Pukke sit aan die Suidekant
18h00
1. Onthaal slegs vir eregaste, eerste rugbyspanne, afrigters en op uitnodiging in die Koos Snymansaal – Olënpark

± **19h00**
2. Massa vermaak en ontspanning op kampus en in Dorp

23h00
AU REVOIR!

OPMERKINGS:

1. Toegang op Olënpark:
   Studente en Volwassenes – R1,00
   Kinders – R0,20
2. Kovsies word versoek om asseblief by die koshuise te verklee.
3. Amptelike Intervarsitybladaie sal op kampus, sportgronde en Olënpark beskikbaar wees vanaf Vrydagmiddag.

ONS KOM!

– KOVSIE VOORSITTER

INTERVARSITY is nooit slegs 'n kragmeting tussen twee universiteite op sportgebied nie. Dit is veel meer.

Intervarsity is ook:

- Die opgewondenheid vooraf
- Die verwaarloosde akademie
- Rasies en rasieleiers
- Oowinning en nederlaag
- Onverantwoordelike verantwoordelikheid of verantwoordelike onverantwoordelikheid en die lekker van nie te weet watter een dit regtig is nie
- Jou Alma Mater
- Studentwees in al sy fasette

Daarom is die hele gebeurtenis rondom Intervarsity vir elke student wat sy sout werd is, iets wat hom laat besef watter voorreg dit is om student te mag wees en hoe vinnig dit verbygaan.

Die intervarsity met P U vir C H O hou vir ons nog veel meer in, veral omdat ons onlosmaaklik verbind is deur tradisie en 'n gemeenskaplike grondslag en daarom sal hierdie intervarsity steeds vir die Kovsies die belangrikste sportgebeurtenis van die jaar bly en mag ons nooit daaraan dink om dit te vervang met iets anders nie.

Stephan Vosloo
S.R. Voorsitter, U.O.V.S.

Aan die Pukke wil ons vanjaar sê dat aangesien daar in werklikheid min uitdagings vir ons op die sportveld oorgebly het, ons julle vanjaar die stryd ook langs die veld wil aansê. Wanneer daar 1700 studente by 'n rasieoefening opdaag, getuig dit van 'n nuwe besieling en ons wil voorspel dat die Pukke hul benadering sal moet verander ten einde ons op hierdie vlak hoegenaamd kompetisie te gee.

Geniet die intervarsity soos net studente dit kan doen en maak elke oomblik kosbaar want dit is gou verby.

Vir die eerste tien studente
FM MOTOR RADIOS

6 MAANDE
WAARBORG

R19-95

TELADY
HYPERSTORE Tel. 5851
Gouwsstraat 7 Potchefstroom

die WAPAD

INTERVARSITY IS HIER

Dis weer hierdie tyd van die jaar en almal sien môre uit na die groot dag. Pukke teen die Kovsies.

Aan al ons lesers wens on 'n genoeglike dag toe en mag die beste span wen.

Aan die besoekers - 'n besondere woord van welkom.

EN VEELS GELUK

Aan die nuwe SSR-lede 'n woord van gelukwensing. Die vertroue wat in u gestel is, is ons seker u sal kan behartig. U moet nou die leisels neem vir 'n volgende termyn. Sterkte!

Aan die uittredende SSR ook 'n besondere woord van dank.

U het hierdie jaar getoon dat u die studente aan die Puk se belange dra. U was die Puk massa altyd behulpsaam en het u as ware leiers onderskei.

ONS NEEM AFSKEID

Die Wapad neem hierdie termyn afskeid van sy lesers. Vir ons was dit 'n voorreg om u te mag dien. U was ons rigtinggewers en ons inspirasie. U was ons beste kritici en ons beste ondersteuners.

Aan almal wat 'n deel aan Die Wapad gehad het of bydraes gelewer het. - 'n Woord van dank.

Ook 'n woord van dank aan die universiteitsowerhede. U was ons altyd behulpsaam wanneer ons u nodig gehad het.

Aan die nuwe redaksie - sterkte vir die volgende termyn.

DANKIE PUKKE

'n Stempersentasie van een-en-sewentig persent met die afgelope SSR verkiesing! Is dit nie 'n goeie voorbeeld van Puk-Gees nie?

Die Groot Sweet se bywoningsyfer was die grootste in jare. Eenduisend driehonderd Pukke het die aand kom luister na hul kandidate se menings.

Die aand met die aankondiging van die nuwe SSR het sowat seshonderd Pukke die koue trotseer tot vroeg in die oggend ure om hul nuwe SSR te hoor.

Veels geluk Pukke en nog 'n dankie!

Uittredende Hoofredaksie

Hoofredakteur: Vlok Delport; Dorp
Asst. Hoofredakteur: Louw van Biljon; Dorp
Nuusredakteur: John Leyden; Dorp
Redakteur Rade en Interuniversitêr: Wikus Lee; Hombre
Sportredakteur: Hans Saestad; Hombre
Sportredaktrise: Erna van Zyl; Kasteel
Koshuisredakteur: Danie Stoltz; Klooster
Koshuisredaktrise: Christiena Pelser; Wanda Aster: Annadien Coetzee; Wag-'n-Bietjie
Fotoredakteur: Jaco Pretorius; Hombre
Kunsredakteur: Pieter Oberholzer; Dorp
Tegniese Redakteur: Barra Boshoff; Dorp
SSR Verteenwoordigster: Ilse Kuun; Wag-'n-Bietjie
Sekretaresse: Bossie Boshoff; Vergeet-my-Nie
Penningmeester: Jan Kroeze; Klooster
Advertensie bestuurder: Jurjen Suurd; Liberalia.

Dosente en Intervarsity

IN watter lig sien dosente aan die PU vir CHO intervarsity? Beskou hulle dit as van minder belang in die studentelewe of is dit vir hulle ook 'n saak wat na-aan die hart lê?

In die lig van bogenoemde vrae het Aster by 'n paar dosente gaan aanklop en tot die verrassende besef gekom dat dosente se bloed nog warm klop vir 'n saak soos intervarsity.

Dr. Du Bruto van die Departement Afrikaans Nederlands het gesê dat elke universiteit verskillende funksies het waaronder ook die volle ontwikkeling van die student as funksie resorteer. Intervarsity is 'n deel van die sosiale ontwikkeling en daarom het intervarsity 'n plek in die studentelewe, maar dit het 'n verantwoordelike plek. Studente moet hierdie verantwoordelikheid aanvaar en nie 'n week voor intervarsity al begin klasse afgee nie. Hulle moet "gees vang", maar nie in klastyd nie. Die akademie geniet die hoogste prioriteit.

Prof., J. de V. Prinsloo van die Engelse departement het hom soos volg daaroor uitgelaat: Op redeliker wyse kan toegewings gemaak word wanneer intervarsity gehou word. Dit is tog een van die hoogtepunte in die studentelewe. Hy opper egter besliste beswaar teen sommige metodes wat aangewend word om gees te vang soos saakbeskadiging en die besmeer van geboue. Omdat 'n universiteit 'n soort van 'n uitgesoekte gemeenskap behoort te wees, behoort hierdie dinge nie voor te kom nie. Dit is dus onnodig dat studente 'n lighartige, onverantwoordelikheid ontwikkel gedurende die week voor intervarsity. Volgens prof. is dit beslis 'n bron van wrywing wat voorkom tussen dosent en student.

Mnr. Malherbe van die biblioteekkunde departement is van mening dat dit noodsaaklik is dat studente op daardie terrein moet verkeer. Dit gaan nie net om akademie nie, maar om 'n verbreding van jou uitkyk op die lewe. En dit kry jy ook in die omgang met medè studente en in die besonder by intervarsity. Studente maak misbruik van die geleentheid deur nie klasse by te woon nie en volgens mnr. Malherbe kan dit deur beter organisasie reg gestel word. Gepaard hiermee gaan die aantal intervarsity's wat gehou word en wat in lyn met die akademie gebring moet word.

Mev. De Wet van Kommunikasiekunde sluit aan by vorige standpunt deur te sê dat intervarsity nie net vir studente baie belangrik is nie, maar ook vir oudstudente. Sy spreek ook haar hoop uit dat **al** die studente betrokke voel by intervarsity en nie die naweek gebruik om hul eie belange te behartig nie. Dit is 'n geleentheid om jou persoonlikheid te ontwikkel. "Ek ondersteun geesvang 100%, maar dit moet nie gedurende klastye geskied nie."

By bedryfsosiologie het mnr. J.S. van der Walt gesê hy vergeet nooit sy eie studentelewe nie. Vir hom was intervarsity die belangrikste item in sy jaar se program. Daar moet 'n handhawing van gesonde balans wees tussen werk en ontspanning. Veral die dag voor intervarsity word daar baie gees gevang, maar jy kry die meer pligsgetrou student wat die balans handhaaf.

Mnr. J.P. van Brakel van geografie is van mening dat daar 'n plek is vir intervarsity en gesonde studente geesvang, maar dit gaan nie saam dat studente al van Woensdag af klasse afgee nie. Daar behoort tot Vrydagmiddag 13h00 met akademie besig te wees, alhoewel dosente gesonde oordeel aan die dag kan lê.

Dr. S. Oosthuizen van die Sielkunde departement meen dat intervarsity 'n vorm van gesonde kontak met ander universiteite is. Belangrik egter, is die keuse van datums van die sportgebeurlikhede. Dit moet nie inmeng met eksamens en toetse nie. Daar bestaan wel 'n gaping tussen dosente en studente wat dit betref, want d.m.v. karnaval, intervarsity en langnaweke gee studente beslis aanleiding tot 'n negatiewe houding t.o.v. intervarsity.

Prof. Van der Berg van die Chemie departement sê dat daar 'n gereelde band tussen universiteite moet wees omdat hulle die denkgemeenskap voorstel en ook die leiers van die toekoms is. Daar moet kontak gemaak word met Afrikaanse universiteite op alle vlakke van die studentelewe. Die PU vir CHO kan dit nie bekostig om hierdie bande te breek nie.

Wat intervarsity betref, is prof. Van der Berg van mening dat die organisasie probleme skep. Daar is te veel studente by te veel sportsoorte betrokke wat inmeng met die akademie. Probleme kan opgelos word deur beter programmering. Die probleem bestaan nie dat studente nie die klasse wil bywoon nie, maar deur hierdie gebrekkige programmering word studente voor 'n alternatief gestel. Dus is dit 'n tydsprobleem.

Van hulle kant af wil die dosente sê, geniet die intervarsity op die regte tyd en met volle verantwoordelikheid, ons sit saam met die Pukke op die pawiljoen.

OP DIE WA-AS

MAURITZ MOOLMAN

Helena van Trojé

Dit moet 'n manlike chauvenis wees wat beweer het dat dames op die SSR uitsak want daar is weer een.

Sy móét 'n Helena van Trojé wees want idealisme getemper deur die realiteit (die argaïse akademiese stelsel moet vervang word) is net so 'n vreemde verskynsel as dinamiese leierskap.

Ironies dat 'n vrou juis vir die spul aantreklike, wel sommige, mans moet leer wat dit beteken om vir iets te staan.

Voorspoed, maak die saak warm en pasop vir die pers, juffrou Stoker.

Lektore en studente

As ek 'n feetjie kan kry met 'n towerstaffie en ek kon wens wat ek die graagste wil hê is dit 'n paar nuwe dosente wat 'n paar nuwe idees omtrent klasgee het.

Ek praat van die spul wat die vermetelheid het om te "roll-call" terwyl hulle, net so vermetel, verwag dat mens na hulle gedraal moet luister terwyl hulle uit 'n handboek, en selfs 'n self geskrewe diktaat voorlees.

Maar soos my privaat sekretaresse, ekonomiese adviseur en Wa-As sensor gedurig ,waarsku - kry eers jou graad voordat jy name noem want dit is seker dat hulle teen jou gaan diskrimineer.

Dit kan nie waar wees nie, glo ek.

Totdat een van die kleinste groot frustrasies saggies aan die "kinders" voor in die klas fluister waar jy dan nou is. Draf hy nie meer klas nie? En hy merk jou werklikwaar afwesig terwyl jy lewensgroot agter in die klas sit.

Gaan hy eksamentoelating geweier word? Op grond hiervan? Maar mens kan nie name noem nie. Totdat hulle te ver gaan. En dit is al baie ver.

Ek het dit ook teen die spul, en weer noem ek voorlopig nie name nie, wat een periode van 'n dubbelperiode gebruik om sy mededepartementslede met die klas te bespreek, sy familieprobleme en so dan en wan vir halfprys 'n hoërskoolmoralisme in te gooi.

Dit gaan oor sleepaksies, oor-kyk-hoe-maak-ma-metpa en die dames se laventel ruik lekker maar 'n mán maak nie sus of so nie. En jy moet teenwoordig wees want jy betaal vir die lesing.

Dêmmit, ek het mos kláár betaal.

Gee ons lesings en werk of ons stel 'n eis in vir die terugbetaling van geld en tyd wat deur die irritasies gemors word.

En dit is nie eenmalig nie maar herhaaldelik dat hierdie lektore tot 'n halfuur op 'n keer, met die gesanik aangaan.

Die studente bank nie prof. T.T. Cloete, prof. P.D. van der Walt, prof. F.J. Potgieter en die ander AKADEMICI se klasse nie.

Karnaval '78 kry Debutante

IN 'N onderhoud met Koot van der Walt, karnavalvoorsitter vir 1978, het Die Wapad verneem dat daar wel debutante vir karnaval gaan wees. Elke dame op die kampus staan 'n kans; hou Die Wapad dop vir verdere inligting.

Uit die Woord

„LEER ons om ons dae so te tel dat ons 'n wyse hart mag bekom ..."

(Ps. 90:12).

Moses spreek in hierdie gebed van hom op 'n wyse wat vreemd is vir die mens van ons tyd. Daar is baie dinge wat ons veel eerder sal wil tel - dinge soos geld en ander materiële besittings.

Maar dae! Om dae te tel is om tyd te tel - en om te besef dat ons tyd ook vroeër of later afgesny sal word. En dit wil ons nie! Ons is immers nog jonk en vol lewenslus. Waarom nou al ons dae tel? Daarvoor sal ons eendag genoeg tyd hê as ons oud en afgeleef is ...

Juis hier maak ons die fout. As 'n mens oud geword het, kan hy hoogstens sy dae oordénk! Tel kan hy dit nie meer so maklik nie. Nee, om dae te tel en tyd noukeurig af te meet, is by uitstek die verantwoordelikheid van mense in die fleur van hulle lewe. Mense soos ons!

Die mens is met 'n ander doel geskape as die diere van die veld. Hy het ook 'n ander bestemming: 'n ewigheidsbestemming. En juis met die oog op hierdie ewigheidsbestemming moet ons ons dae tel ... ook in hierdie nuwe jaar van werksaamhede wat ons nou weer betree het. Ook in hierdie jaar roep die Here ons - elkeen van ons! - om te bou aan die koms van Sy koninkryk. Dit is 'n veeleisende - maar ook heerlike - taak. 'n Taak wat ongelukkig nie in ons afvaltydjies verrig kan word nie. Nee, daarvoor is 'n noukeurige beplanning van ons tyd noodsaaklik.

So nie is ons oog nie gerig op die ewigheid nie, maar alleen op die tyd. Dan bestaan ons soos die diere, en lééf nie werklik in en deur Jesus Christus nie. Dan kan ons ook nie 'n wyse hart bekom nie. Om ons dae so te tel - met die oog op die ewigheid - is die wysheid waarvan Moses hier spreek. Wysheid nie deur boekgeleerdheid bekom nie, maar wysheid gebore uit 'n wedergebore hart.

Dwarsdeur hierdie Psalm klink die kortstondigheid van die mens as ondertoon. In vers 9 lees ons byvoorbeeld: ... ons bring ons jare deur soos 'n gedagte". Ook dit sal ons deeglik in aanmerking moet neem by die tel van ons dae. Die menslike lewe gaan nie maar onbeperk voort nie. Dit het grense, en daarom moet die tyd noukeurig uitgekoop word.

Hoe gaan ons werk in die jaar wat voorlê? Gaan ons van dag tot dag voortploeter, of gaan ons roepingsbewus die tyd uitkoop? Gaan ons arbei met die oog op die bevrediging van ons tydelike behoeftes, of gaan ons ewigheidswerk verrig?

En vir wié gaan ons werk? Vir onsself, of in die eerste plek vir die Here en vir die uitbreiding van Sy koninkryk? Alleen as laasgenoemde die geval is, sal ons werk blý en ewigheidswaarde kry. So nie sal dit onvrugbaar wees en leeg na ons terugkeer ...

Wen hierdie WONDERPLAAS met net R10

Blyde River Canyon

Jy kan nou ryker word as wat jy ooit kon droom in die KWART-MILJOEN-RAND/WONDERPLAAS-KOMPETISIE

Die grootste kompetisie ooit in S.A.

1ste Prys:
SKILDERKRANZ
'n Plaas 670 hektaar
2 huise

2de Prys:
BLYDEPARADYS
'n Plaas 99 hektaar
1 huis

10 TROOSPRYSE
van R500 elk.

Jy wen die rykdom van natuurskoon

Staan jy heelbo op SKILDERKRANZ dan gooi jy 'n klip in die Blyderivier Canyon, ons land se grootste natuurskouspel. Gaan stap op jou wenplaas — al langs jou Drakensberg-grens se massie-

we kranse. Dis 'n dag se werk, deur die klowe tot onder by jou jubelende Blyderiviergrens van 1,6 kilometer. Hier beland jy in 'n oerwoud van bobbejaantoue, wilde orgideë, tamaai wildevy en ander woudreuse.

Die rykdom van weelde en gerief — so belangrik vir 'n vrou

Daar wag vir vroue 'n heerlike verrassing. Twee ruim plaashuise met luukse stadsgeriewe, elektrisiteit, volvloermatte, warm en koue water, en les bes, 'n telefoon wat werk. Jy vergeet van winter, want SKILDERKRANZ het nog nooit ryp geproe nie. Somertyd waai koel bergwinde deur die Blydepoort — die natuur se eie lugreëling. Teerpaaie bring jou tot amper op jou drumpel. 'n Uitstekende skool is 10 minute ver.

Die rykdom van diere, voëls en visse

Snags langs jou hardekool se vleisbraai hoor jy die luiperd hoes en die verskrikte

boggom! van die bergburgers. By die huis kom steel astrante duikers en steenbokkies jou frangipani terwyl 'n koedoe of swartwitpens wegkoets. Jy rus onder 'n geelhout, tambotie, kiaat, rooi-ivoor of die een enkele kremetartreus . . . 'n bosloerie kom loer saam met 'n uitgelate piet patat . . . As die kwêvoel skinder, weet elke voël en dier jy's die nuwe baas van SKILDERKRANZ. Jou gaste vang voor ontbyt 'n dosyn swartbaars en kurpers uit jou plaasdam. Hulle veg soos tiervis en smaak soos forel.

Jy wen die rykdom van grootgeld

Droom jy al jare om kommervry te boer?

- Miljoene liter kanaalwater
- 'n 20 miljoen liter dam
- Die vrugbaarste slikgrond
- 50 skoongemaakte hektaar (Skilderkranz)
- 20 skoongemaakte hektaar (Blydeparadys)
- 50 hektaar vir tamaties (saam)
- 700 bome lietjies
- oorvloed papajas
- Berggrond vir honderde morge rypvrye winterdruiwe.

'n Boer wat sy boer ken, kan 'n bruto inkomste van R75 000 per jaar losboer! 'n Man wat net wil vakansie hou, kan hom heeljaar gesond vakansie.

En as jy jou wenplaas wil verkoop is jy ryker as wat jy ooit kon droom.

PURDEY oorhandig pryse?

Filmman Tommie Meyer het die filmregte verkry van die heerlike stout verhoogtreffer BIRDS OF PARADISE. Hy onderhandel om Purdey van New Avengers-faam vir die hoofrol te kry. Slaag hy, sal Purdey waarskynlik die wenners aanwys van die drie grootste pryse ooit in S.A. Tommie bied sy plase op dié manier aan om sy duur internasionale prent BIRDS OF PARADISE te finansier.

BLAAI ASSEBLIEF OM VIR JOU INSKRYFVORM(S)

Gedruk deur Transo Pers

So wen jy die WONDERPLAAS MET NET R10

langs die Blyde River Canyon

1ste Prys:
SKILDERKRANZ
'n Plaas 670 hektaar, 2 huise.
GEWAARDEER VIR
R205 000

2de Prys:
BLYDEPARADYS
'n Plaas 99 hektaar, 1 huis.
GEWAARDEER VIR R60 000

10 Troospryse
van R500 elk
(vyf-honderd Rand elk)

JY KAN SKATRYKER WORD as wat jy ooit kon droom

Skatryk aan jou eie:
Blyderivier, Drakensberge, visvang, dierelewe, voëls, grootgeld.

Spesiaal vir die vrou:
Stadsweelde tussen 'n miljoen bosveldbome. Wonderlike rypvrye vakansies elke dag van die jaar. (Hulle sal jou nooit weer by 'n vakansieplek kan uitbuit nie.)

HOPE GELD as jy eendag jou wenplaas wil verkoop.

Oorvloed kanaalwater, subtropiese vrugte, tamatielande. Berggrond vir honderde morge rypvrye druiwe.

SO VUL JY JOU INSKRYFVORM(S) IN

Kyk na die 5 vrae hieronder . . .
LEES DIE AGTERKANT VAN HIERDIE PAMFLET
Gebruik 'n bietjie kennis en vernuf . . .
en JY KAN DIE MOOISTE PLAAS IN SUID-AFRIKA WEN!

REËLS

1. Jy kan soveel inskrywings instuur as wat jy wil aan: Wonderplaas-Trust bankrekening, Posbus 621, Randburg, 2125. (Dink net hoe bly sal elke kind of vriend wees as jy hulle die kans van 'n leeftyd gee.)
2. Sluit 'n tjek of posorder van R10 in **by elke inskrywing.**
3. **Kruis** elke tjek of posorder en maak uit aan: **Wonderplaas-Trust Bankrekening.**
4. Jou inskryfgeld word in trust by 'n Bank bewaar totdat die finale uitslag bekend gemaak is.
5. **AL DIE INSKRYFVORMS WORD NET NA DIE SLUITINGSDATUM BYMEKAAR GEGOOI.**
6. Purdey of 'n ander V.I.P. sal dan uit al die inskrywings die wenners trek.
7. As jou vorm die eerste een met die korrekte antwoorde is wat uit **AL DIE INSKRYWINGS** getrek word, wen jy die 1ste prys — **SKILDERKRANZ,** die Wonderplaas.
8. As jou vorm die tweede een met die korrekte antwoorde is wat uit **AL DIE INSKRYWINGS** getrek word, wen jy die 2de prys — **BLYDEPARADYS.**
9. As jou vorm een van die volgende tien met die korrekte antwoorde is wat uit **AL DIE INSKRYWINGS** getrek word, wen jy een van die 10 troospryse van R500 elk.
10. Die beoordelaars se beslissings is finaal. Geen korrespondensie sal gevoer word nie.
11. Die sluitingsdatum is 15 September 1977.
12. Indien minder as 19 750 inskrywings ontvang word, behou die organiseerders die reg voor om 'n kleiner aantal te aanvaar. Die pryse bly egter presies dieselfde. As 'n kleiner aantal inskrywings nie aanvaar word nie, sal **Wonderplaas-Trust Bankrekening** elkeen se inskryfgeld terugstuur.
13. Geen werknemers of familielede van Tommie Meyer mag deelneem nie.
14. Alle regsvereistes i.v.m. hierdie kompetisie is nagekom en die kompetisie is wettig.
15. Die wenner van die tweede prys aanvaar hiermee dat die watertoekennings van **SKILDERKRANZ** EN **BLYDEPARADYS** onderskeidelik 80% en 20% sal wees van die totale watertoekennings waarop hierdie eiendomme geregtig is.

SPESIALE VERSOEK

Stuur asseblief in elk geval die koevert aan ons terug en plak die JA of NEE seël op.

HIER'S DIE REDE

Tommie Meyer verfilm die stout internasionale treffer-komedie BIRDS OF PARADISE en beoog PURDEY vir die hoofrol. Om dié internasionale rolprent te finansier, word twee van sy plase vir hierdie kompetisie aangebied.

Filmbaas Tommie Meyer is baie trots op sy dogter Emsie. (9 jr.)

Jy betaal nie eens oordragkoste vir jou wenplaas nie. Daarom kan jy gerus vir elke kind ook 'n inskryfvorm invul en vir hulle die kans van 'n leeftyd gee.

Wen jy die plaas weet ek dat die rykdom van geluk op jou wag.

Tommie Meyer

EK VUL NOU HIERDIE INSKRYFVORM(S) IN

Ek pos dit DRINGEND sodat ek nog die kans van 'n leeftyd kan hê om die Wonderplaaskompetisie te wen — met net R10 *per inskrywing.*

Hier is 5 inskryfvorms maar reproduksies daarvan kan ook gebruik word:

INSKRYFVORM

STUUR AAN:
WONDERPLAAS-TRUST BANKREKENING,
Posbus 621, RANDBURG. 2125.
NAAM:
Mnr./Mev./Mej. .....
ADRES: .....
.....
POSKODE: .....
Vraag 1:
Noem 2 van SKILDERKRANZ se grense.
.....
Vraag 2:
Watter bruto inkomste per jaar kan 'n topboer op die plaas losboer?
.....
Vraag 3:
Watter soorte vis vang jou gaste in die 20-miljoen liter plaasdam?
.....
Vraag 4:
Hoeveel diere verskyn op die 2 dierefoto's agter op hierdie pamflet? (Kyk baie mooi!)
.....
Vraag 5:
Watter bekende Nasionale Wildtuin lê ongeveer een uur se ry van die wenplaas af?
.....
EK SLUIT R10 IN VIR ELKE INSKRYWING
(Tjek / Posorder — dui asb. aan)

INSKRYFVORM

STUUR AAN:
WONDERPLAAS-TRUST BANKREKENING,
Posbus 621, RANDBURG. 2125.
NAAM:
Mnr./Mev./Mej. .....
ADRES: .....
.....
POSKODE: .....
Vraag 1:
Noem 2 van SKILDERKRANZ se grense.
.....
Vraag 2:
Watter bruto inkomste per jaar kan 'n topboer op die plaas losboer?
.....
Vraag 3:
Watter soorte vis vang jou gaste in die 20-miljoen liter plaasdam?
.....
Vraag 4:
Hoeveel diere verskyn op die 2 dierefoto's agter op hierdie pamflet? (Kyk baie mooi!)
.....
Vraag 5:
Watter bekende Nasionale Wildtuin lê ongeveer een uur se ry van die wenplaas af?
.....
EK SLUIT R10 IN VIR ELKE INSKRYWING
(Tjek / Posorder — dui asb. aan)

INSKRYFVORM

STUUR AAN:
WONDERPLAAS-TRUST BANKREKENING,
Posbus 621, RANDBURG. 2125.
NAAM:
Mnr./Mev./Mej. .....
ADRES: .....
.....
POSKODE: .....
Vraag 1:
Noem 2 van SKILDERKRANZ se grense.
.....
Vraag 2:
Watter bruto inkomste per jaar kan 'n topboer op die plaas losboer?
.....
Vraag 3:
Watter soorte vis vang jou gaste in die 20-miljoen liter plaasdam?
.....
Vraag 4:
Hoeveel diere verskyn op die 2 dierefoto's agter op hierdie pamflet? (Kyk baie mooi!)
.....
Vraag 5:
Watter bekende Nasionale Wildtuin lê ongeveer een uur se ry van die wenplaas af?
.....
EK SLUIT R10 IN VIR ELKE INSKRYWING
(Tjek / Posorder — dui asb. aan)

INSKRYFVORM

STUUR AAN:
WONDERPLAAS-TRUST BANKREKENING,
Posbus 621, RANDBURG. 2125.
NAAM:
Mnr./Mev./Mej. .....
ADRES: .....
.....
POSKODE: .....
Vraag 1:
Noem 2 van SKILDERKRANZ se grense.
.....
Vraag 2:
Watter bruto inkomste per jaar kan 'n topboer op die plaas losboer?
.....
Vraag 3:
Watter soorte vis vang jou gaste in die 20-miljoen liter plaasdam?
.....
Vraag 4:
Hoeveel diere verskyn op die 2 dierefoto's agter op hierdie pamflet? (Kyk baie mooi!)
.....
Vraag 5:
Watter bekende Nasionale Wildtuin lê ongeveer een uur se ry van die wenplaas af?
.....
EK SLUIT R10 IN VIR ELKE INSKRYWING
(Tjek / Posorder — dui asb. aan)

Gedruk deur Transo Pers

UIT NO. 13

S.S.R.-VERKIESING IS SKEEF

Geagte Redakteur,
MET die SSR-verkiesing van 1978 pas agter die rug, voel ons dat daar 'n bietjie gekrap moet word aan die dingetjies wat so jeuk.

Die indruk wat die verkiesing oor die algemeen skep is een van afskeep-aandag. Mense maak dit nie hul erns nie en sny sodoende hulle eie kele af. Alhoewel dit die belangrikste gebeurtenis op die studente-kampus is, wil dit nie lyk asof dit dienooreenkomstige belangstelling, aandag en toewyding van die studente ontlok nie.

Vrydag verskyn 'n aantal berigte in die Wapad, Maandag is Groot Sweet en Dinsdag stem ons. Sommerso, woerts, warts en driekwart van die stemmers ken slegs twee of drie van die kandidate. Ons moet toegee dat die stemmers self ook 'n groot aandeel in die toedrag van sake het. Die hele verkiesingsproses moet in heroorweging geneem word.

Die Groot Sweet is nie genoegsame bekendstelling nie. Kandidate moet goed twee maande voor die verkiesing reeds genomineer word sodat hulle dan 'n hele verkiesingsveldtog kan loods. Elke kandidaat moet bekendstellingstogte loods om hom/haar aan die student bekend te stel. Hul bekwaamheid, deursettingsvermoë, positiewe oortuiging om nie net 'n asem in die Studenteraad te wees nie, moet openbaar word.

Dit kan slegs in vergaderings en besprekingsgroepe voor die dag kom. In hoeverre die kandidaat geslaagd en bekend op die kampus sal wees, sal van homself/haarself afhang. Die verkose kandidate moet dan wel voel dat hulle hul paadjies daarheen oopgekap het, en dat daar bloedsweet op die klippers gespat het.

Massa-vergaderings met definitiewe besprekingspunte kan belê word sodat die kandidate se kennis, vermoë en deursettingsvermoë getoets kan word. Hier moet 'n mens 'n oordeel kan fel watter knie die eerste sal wees om te swig voor die pepervrae van mede-kandidaat en student.

Op die oomblik is die verkiesing 'n klug, want mense stem vir gesigte. Aangesien die kandidate nie by die studente bekend is nie, word hulle stem deur die voorkoms van die kandidaat beïnvloed, wat natuurlik radikaal in stryd is met die bedoeling van die hele storie.

Die verkiesing moet meer gepropageer word, die student van die belangrikheid daarvan bewus gemaak word en gemotiveer word om te kan stem. Die stempersentasie sal dan ook dienooreenkomstig styg. Op die oomblik is dit belaglik om vir mense te stem wat jy nie ken nie – daardeur bevoordeel jy bes moontlik die swakker, en benadeel jy die beter kandidaat.

Die wyse van stemming laat ook veel te wense oor. Waar het jy in jou lewe gehoor van marsmusiek, pannekoek en Neil Diamond in 'n verkiesingslokaal? Dis net so absurd soos roomys-eet tydens 'n kerkdiens. Wat nog te sê van die klompe-klompe studente wat bymekaar sit in koukus? Dis mos belaglik! 'n Groter mate van dissipline en kontrole moet uitgeoefen word. Geheime stemming moet ingevoer word. Op die oomblik is sulke besprekings van die kandidate te verstane.

As die verkiesing egter op 'n meer amptelike wyse plaasvind en kandidate hul vooraf reeds bekendstel, sal die gekoukus uitgeskakel word. Alleen deur geheime stemming in te voer kan dit geheel en al uitgewis word. Dit kan egter nie die blokstemming in koshuise uitskakel nie. Ken die studente die kandidate beter, sal sulke beïnvloeding minder grond vir ontkieming hê.

Mej. L.C. Malan
KARLIEN

„ONS VIR JOU GOEDE HOOP?"

Geagte Redakteur,
NOUDAT die tuislande besig is om soewereine state in Suid-Afrika te word, word 'n mens gedwing om te vra of sekere bestaande begrippe insake Suid-Afrika en sy verskeidenheid van volkere nog in pas is.

Om 'n voorbeeld te noem: Ons (die blankes) sê ons land se naam is Suid-Afrika, dit wil sê, die suidpunt van Afrika. Geografies en histories is dit korrek om só te praat. Maar gesien teen die huidige veelvolkige opset in Suid-Afrika, ontstaan na my mening, sekere probleme.

In Suid-Afrika word die getal soewereine state al meer. Dit gebeur binne die gebied wat deur die blankes as hulle vaderland beskou word.

Wanneer die tuislande eendag almal onafhanklik sal wees, sal dit nog van pas wees om te sê ons vaderland se naam is Suid-Afrika? Ek glo nie. Reeds vandag kan enige Tswana of Boesman sê hy woon in Suid-Afrika, terwyl die blanke sê dit is sy vaderland. Dit is enigsins verwarrend.

Sê vandag aan 'n buitelander dat jou land van herkoms Suid-Afrika is, dan dink hy dadelik aan diskriminasie. As jy nou jou land op die wêreldkaart vir hom moet aandui, gaan hy nog verder in sy kwaad gesterk word, want hy kan „sien" dat die blankes se land die ander state insluit – **naamsgewyse** „baasspeel" oor hulle. Al is dit nie die ware toedrag van sake nie, kan só 'n indruk nogtans geskep word – en ook uitgebuit word deur ons vyande.

In die toekoms gaan dit al hoe moeiliker wees om dié situasie te verduidelik – veral aan hulle wat dit nie wil aanvaar nie.

Vanuit 'n ander hoek gesien: Ons sing gewoonlik: „Ons vir jou, Suid-Afrika". Soos sake tans staan, bedoel ons met dié woorde geografies die hele gebied suid van die Limpopo. Met die woorde dink ons ook aan ons vaderland – dié deel van Afrika se bodem wat net aan ons behoort. Alreeds is hierdie woorde nie meer adekwaat nie, want dit sluit Swaziland, Lesotho en Transkei in en binnekort ook Bophuthatswana. Daar kom nog meer onafhanklike state in Suid-Afrika . . .

Ek wil vir my eie vaderland sing – nie vir die ganse Suid-Afrika met al sy state nie.

Dit het dus tyd geword dat die „tuisland" van die blankes in Suid-Afrika 'n ander naam moet kry.

In hierdie verband kan nou wel geargumenteer word, dat „Suid-Afrika" nog die regte naam is, want die geografiese suide van Afrika heet eintlik Suidelike Afrika. Dit neem egter nog nie die feit weg dat enige Zoeloe of Xhosa met reg kan sê dat hy ook 'n Suid-Afrikaner is nie.

Daar moet 'n skerper onderskeiding wees – 'n definitiewe naam wat die blankes sal uitwys as een van die volke van Suid-Afrika.

Wat van byvoorbeeld „Goedehoop"?

Dit sal die volgende voordele inhou:

- Die kleurvraagstuk (wie se rug maar nie hol wil word nie) sal effens op die agtergrond kom, want die woord „blankes" hoef nie meer gebruik te word nie. Hulle kan as „Goedehopers" aangedui word – en dit ook wees.
- Dit sal die oproep wat deesdae uitgaan dat die blankes onteenseglik deel is van Suidelike Afrika, stimuleer – in dié opsig dat die klem nie meer val op „blankes" nie, maar op „Goedehopers", 'n **volk.** Die gedagte dat 'n spesifieke **volk** aan 'n spesifieke **land** behoort, sal beter inslag vind as 'n groep mense wat gewoonlik net deur hulle velkleur aangedui word.
- Die hoofbrekens insake die Ontugwet en die Wet op gemengde huwelike sal verdwyn as die „Goedehopers" dié wette net in hulle land van toepassing maak. Dit is dan hulle saak en niemand anders het daar iets oor te sê nie.

In elk geval, ek dink dat as ons die terme blank en nieblank doelbewus in ons daaglikse omgang vermy, ons alreeds iets bereik het. Is dit nie diskriminasie om van „nie-blankes" te praat nie? Sal ons daarvan hou om as „nie-swartes" bekend te staan? Ons kan gerus ook die terme „wit" en „swart" vermy.

Ons moet meer volksbewus as kleurbewus word.

Roelf Vorster.

STAAR DIE FEITE IN DIE OË

Geagte Redakteur,
In antwoord op kommentaar van Douw Breed, Theo Cloete en Gerhard Kamffer oor 'n toespraak van prof. J.D. van der Vyver wat in die Wapad van 24 Junie 1977 verskyn het, wil ek graag 'n beroep op die kommentators doen om die posisie van die Swartman in Suid-Afrika meer objektief te beskou.

Die beleid van die huidige regering is geskoei op die behoud van die Blanke en dit ten koste van ander rasse se menseregte en vryhede wat hulle onder normale omstandighede toekom. Mettertyd het die Nasionale Party besef dat hulle baasskap (baas skaap) vir hom hoofbrekens gaan besorg en het die party begin met sg. toegewings.

Die volgende stelling is ondermeer deur bogenoemde kommentators genoem:

"Nêrens in die wêreld as in Suid-Afrika het 'n minderheid soveel vir 'n meerderheid gedoen om sy lewe te vergemaklik nie. Die Swartman in Suid-Afrika maak verder aanspraak op voordele wat hy ontvang van die belastingbetaler, terwyl hy relatief min uit sy eie sak betaal vir sy voordele."

Wat ons drie vriende egter nie uit die oog moet verloor nie is die feit dat die mate van toegewings wat die afgelope ses jaar so skielkik in die hele land paddastoel, nie in die minste die hoë graad van diskriminasie wat voor die tyd en selfs tot vandag nog bestaan, kan vergoed nie. T.s.v. die sg. "lewe te vergemaklik" proses wat die huidige regering van stapel gestuur het, is dit nie nagenoeg voldoende vir 'n bevolking van 18 miljoen mense nie.

'n Ander argument wat bogenoemde "kenners" noem, is die kwessie van die Blanke belastingbetaler. Tereg beweer hulle dat die Swartman "relatief min uit sy eie sak betaal vir sy voordele" maar wat nie by genoem word nie is dat die verhouding in salarisse van Swartman teenoor Blanke van so 'n aard is dat, dat die Blanke steeds nie tenagekom word deur wel belasting te betaal nie. Die Swartman daarenteen woon in die "schemes" (gaan kyk maar na Ikageng) waar hy sy familie moet onderhou met 'n baie kleiner salaris as sy Blanke buurman wat in Potchefstroom woon terwyl beide groepe dieselfde betaal vir suiker, brood, meel, melk en koffie.

Wanneer ons "kenners" dus die Swartman se posisie in S.A. meer objektief sal beskou en die subtiele diskriminasie, weinig werksgeleenthede, haglike woonomstandighede en ernstige tekort aan baie fasiliteite sal raaksien, sal hulle nie vergesogte stellings soos "Nêrens in die wêreld..." en wat daarop volg kwytraak nie.

Ten slotte wil ek graag die paneel van drie kommentators vra om in die volgende Wapad vir die lesers te verduidelik hoe die stedelike Swartman, die Kleurling en die Indiër in die tuislandbeleid inpas.

Kobie Nortjé

ANTWOORD OP BRIEF

Geagte Redakteur,
GRAAG antwoord ons op mnr. Nortjé se brief soos deur hom versoek.

In sy brief skryf mnr. Nortjé van die regering se beleid wat "geskoei is op die behoud van die Blanke en dit ten koste van ander rasse se menseregte en vryheid." Alhoewel iets in die refrein oorbekend klink, wil ons mnr. Nortjé daarop wys dat genl. Hertzog se segregrasiebeleid daarop geskoei was. Die huidige regering het a.g.v. die verslag van die Sauerkommissie nl., wat hy in 1947 saamgestel het, en wat die kernpunt van die 1948 verkiesing was, duidelik aangedui dat ons van 'n rassebenadering moet vergeet en aan 'n volkere benadering moet werk. Sedert 1948 is die kern van die regering se beleid dan ook dat elke volk oor homself moet regeer. Van rasse is nêrens sprake nie. As mnr. Nortjé werklik die regering se volkerebeleid wil verstaan, kan hy gerus die Sauerverslag gaan lees.

Mnr. Nortjé skryf ook van "sg. toegewings". Of ons nou praat van "toegewings" of ontwikkeling bly dit 'n feit dat elke beleid dinamies van aard is, d.w.s. ontwikkel. Indien 'n beleid dit nie is nie, stagneer hy en gaan die party wat so 'n beleid aanhang onder. As 'n student wat Internasionale Politiek as 'n hoofvak gehad het, sal mnr. Nortjé besef dat geen regering met 'n stagnante beleid 29 jaar lank kan regeer nie.

Ons is ook bewus van die sg. "schemes" waarvan mnr. Nortjé skryf. As mnr. Nortjé ooit 'n tuisland besoek het, sou hy gou agtergekom het dat die "schemes" wat die regering vir Swartes bou, by verre beter is as die huise wat Swartes vir hulle self in die tuislande bou. Die regering het dit ook goed gedink om in die nuwe "schemes" behoorlike en moderne badkamers te bou. Groot was die ontnugtering toe uitgevind moes word dat sommige gevalle van die baddens gebruik word om steenkool in te berg.

Alhoewel ons ons nie wil uitgee as kenners van die politiek, soos in die brief beweer word nie, ken ons die politiek goed genoeg om 'n jarelange refrein van mev. Helen Suzman in die brief te herken, nl. "haglike woonomstandighede", (waarop reeds geantwoord is), "selfde betaal vir brood en botter, 'n te kort aan fasiliteite en weinige werksgeleenthede".

Ons is bewus dat die Swartman dieselfde prys vir brood en botter betaal maar minder verdien. Ons is bereid om aan almal dieselfde salaris te betaal as almal dieselfde werk doen, dieselfde kwalifikasies het, dieselfde werksvermoë aan die dag lê en dieselfde belasting betaal.

Graag wys ons mnr. Nortjé daarop dat ten spyte van die wêreldwye ekonomiese toestande die Swartman se salaris die afgelope 10 jaar 6 keer vinniger gestyg het as dié van die Blanke.

In Suid-Afrika is daar ook genoeg voorbeelde van Swart miljoenêrs net dit geword het omdat hulle eie inisiatief aan die dag gelê het en nie agter die 'massa geskuil het en aan ou uitgediende tradisies vasgeklou het nie.

Mnr. Nortjé kan ook maar gerus die per kapita-inkomste van die tuislande gaan vergelyk met ander Afrika lande.

Waar die Swartman self in die verlede geprobeer het om meer werksgeleentheid vir hom te skep, het hy nogal sukses gehad.

Dit is nie vir ons duidelik wat mnr. Nortjé met fasiliteite bedoel nie, want dit kan 'n wye verskeidenheid wees. Wat egter die allernoodsaaklike opvoedkundige fasiliteite betref, is die Swartman in Suid-Afrika by verre beter daaraan toe as sy eweknie in die res van Afrika. Dieselfde geld t.o.v. ouetehuise, hospitale, dokters ens. Hiermee beweer ons nie dat dit voldoende is nie, maar die res van Afrika vergelyk sleg hierby. Weens ons gebrek aan ruimte, kan mnr. Nortjé hom van die gegewens self gaan vergewis in onder andere "Swart-Ontwikkeling" van Bernbo.

Ten slotte wil mnr. Nortjé by ons weet "hoe die Stedelike Swartman, Kleurling en Indiër in die tuislande-beleid inpas". Mnr. Nortjé, die tuislandbeleid is nie die regering se totale beleid nie, maar slegs 'n onderdeel van die regering se volkerebeleid.

Volgens ons kan die Stedelike Swartman ingeskakel word by die tuislandbeleid. Die Kleurling en Indiër, gesien teen die agtergrond van ons volkerebeleid, moet die kans gegun word om oor sy eie sake te beslis. Ons pas die Kleurling en Indiër glad nie in by die tuislandbeleid nie, maar wel in ons volkerebeleid.

Theo Cloete

(Brief Verkort – Red.)

LAASTE EERBEWYS AAN PUKKE

Liewe Kovsies van my! en Huil die PUK(stele)!
allereers
wil die magtige Kovsies een oomblik
in stilte wees –
in erkentlikheid aan die reeds afgestorwe
Puk(steel) gees.

In hierdie tegnologiese eeuw van détente en olieraffinaderye ruk Kovsieland weereens met Brug 14-geweld op na die twee-jaarlikse begrafnis van PUK(stele) op Potchefstroom (met 'n K). PUK(steeltjies) is so opgewonde daaroor soos Julius Caesar toe hy kort voor sy dood sy verlore dolk gevind het – in sy rug.

Alles egter tevergeefs, want soos paraplegiese pofadders seil hierdie lokale geeste nog vandag in lanfer rou die naaste PUKtombes in. Die kampussie alhier is egter die eerste kerkhof met straatligte wat ek nog gesien het.

Diegenetjies wat die Kovsiegolf oorleef sal moet emigreer na die maan. Dit is die enigste plek in ons sonnestelsel waar kraters ongesteurd kan voortbestaan.

Ek wed julle vir 5 Cokes teen al die laaste Olimpiese Spele se Swartmag salute dat hierdie Intervarsity so Groot gaan wees dat die Voortrekkermonument teen dit gaan afsteek en lyk soos 'n Trotters jellie advertensie. Mag elke kant se Alma Mater dus vanaand op sy mense rots wees.

Dan steek ons hulle maar soos ploeë in die grond in. Kyk net hoe klim die hêppiegeit nou so sommer binne in my in.

Jan van Wyk
(Springlwendige Rasieleier)
(Springlewendige Kovsieland)

PUK S.S.R. SÊ . . .

DIE intervarsity tussen die Pukleeu en Kovsiekat kom al 'n lang pad: vanjaar sal die sewe-en-dertigste keer wees dat die sportroom van dié twee Afrikaanse Universiteite mekaar pak.

Die gevolg is onmiskenbare opgewondenheid, spanning en gees uit die boonste rakke. Teen hierdie agtergrond, baie welkom aan ons Kovsievriende (en spreekwoordelike "vyande").

Mag ook hierdie Intervarsity vir elke deelnemer en elke toeskouer 'n onvergeetlike fees wees.

GEBEURTENIS van die jaar – intervarsity teen die Kovsies! Eerstens verwelkom ons die Kovsies met 'n hartlike soengroet en in dieselfde asem wens ons julle alle heil en katspoeg toe tot in die diepste waters waar ons hoop julle versuip. Mense van die PU vir CHO, dit is weer tyd vir ons om aan die wêreld te wys hoe 'n intervarsity gehou moet word. Intervarsity is 'n gebeurtenis wat elk en ieder lank onthou en dit gebeur net eenmaal per jaar. Vergeet akademie, geniet dit en gaan mal!

Tjorts!!

Hans van Schalkwyk
Hoofdirigent
PU vir CHO

KLUBS KAPTEINS EN KAPTEINE SÊ . . .

AS hoogtepunt van die jaar se Rugby is Intervarsity 'n gebeurtenis waarna elke Puk met groot verwagting en belangstelling uitsien.

Ons wil al ons besoekers van Kovsie-land en in besonder al die Kovsie-rugbyspelers baie hartlik verwelkom en die hoop uitgespreek dat hulle 'n aangename tydjie hier op ons kampus sal deurbring.

Om voorspellings met "intervarsity" te maak, bly 'n onbegonne taak. Die Pukke besef dat die Kovsies 'n sterk span is en dat elke speler alleen sy beste sal moet lewer. Ons gaan 'n harde en skoon wedstryd speel, maar bo alles, sportmanskap laat seëvier.

Aan al die Pukke wens ek 'n aangename "Intervarsity" toe.

Alle sukses aan die Kovsies, mag die beste span wen!

James Stoffberg
PU Kaptein

PU-MANSHOKKIE

Na die pas afgelope SAU-toernooi tydens die vakansie is besluit dat ons formasiepatroon verander moet word, om die KOVSIES in toom te hou. Die patroon knap 'n span se verdediging op, alhoewel dit net so aanvallend bly.

Die span het ook aan 'n binnemuurse hokkieliga deelgeneem wat ons meer oefening verskaf het. Die span moes elke Dinsdagaand deurry na Vanderbijlpark. Om te toon hoe suksesvol dit was het ons die beker hiervan na PUK toe gebring.

Met die voorbereiding en 'n PUK-intervarsitygees sal ons wen.

Ruben Aldum Kaptein
PU-Manshokkieklub

PU-DUIKKLUB

Ja-nee, ons weet dit vat baie druppels om 'n emmer vol te maak en een van daai druppels om die Intervarsity in geheel te wen, is die feit dat die Duikklub hul kompetisie weereens gaan wen.

Verlede jaar kon die Puk-Duikklub die Kovsies troef in hul eie water op 'n baan wat hulle self opgestel het. Alhoewel ons span hierdie jaar 4 nuwe lede insluit, ken hulle Boskopdam goed en is ons almal vol vertroue dat ons hierdie jaar weer die knoop kan deurhaak.

E T Du Plessis

STOEIKLUB

Met die stoeiklub gaan dit hierdie jaar, net soos in die verlede weer baie goed. Ons het weer ons kwota SAU-kampioene opgelewer en ook 'n SA-kampioen.

Ons sien dus met groot belangstelling uit na die Intervarsity. Met manne wat so hard oefen kan ons net wen! Kovsies, wees dus gewaarsku, die Pukke is slaggereed.

Namens die Stoeiklub heet ek julle welkom hier by Puk. Sien julle op die mat!

Marius Logtenberg
Voorsitter

JUDOKLUB

SAU 1977 PUKKE 24 – KOVSIES 7

Die grootste pak slae wat die Kovsies op die toernooi gehad het.

RAU wat eerste gekom het, het Kovsies 14-11 gewen. PUK was ongelukkig en moes met 'n derde plek uit agt Universiteite tevrede wees. Die hele PUK-span is in die Wes-Tvl-span wat vanjaar nog onoorwonne is. PUKKE dit word seker van ons verwag om ons tweede span teen die Kovsies te sit.

Naas Stoltz
Kaptein

ALBEI UNIVERSITEITE KAN WEN

STUDENTE-aktiwiteite word gewoonlik gekenmerk deur geesdrif en toewyding. Daarom is studentesportmanne en -vroue gesogte deelnemers aan sportbyeenkomste. Intervarsity is die grootsteuitstalvenster van die betrokke universiteite se verskillende sportaktiwiteite en daarom ook die hoogtepunt op sportgebied. Mag die Kovsies en Pukke se bedrywighede op die verskillende sportvelde die ware gees van studentesport weerspieël sodat hul geesdrif, oorgawe en toewyding die Kovsies- en Puktoeskouers inspireer om ook hul deel langs die veld en op die paviljoene tot 'n suksesvolle intervarsity by te dra. Al kan daar op die veld slegs een wenner wees wanneer die punte in berekening gebring, word kan sowel die UOVS en die PU vir CHO as wenners uit die stryd tree wanneer intervarsity gehou word soos dit die ware sportman en -vrou betaam.

Prof Niel van Loggerenberg
Voorsitter Rugbyklub en Sentrale Sportkomitee Universiteit van die Oranje-Vrystaat

PU-NETBAL

van Bettie Prinsloo (kapteine)

INTERVARSITY is hier, dit waarvoor ons al sewe maande lank ons tande slyp. En ons is reg vir hulle, 'n finks span en bepaald 'n gemotiveerde span. Die beste span sal wen, daarom weet ons dat ons Pukke hul kan wen, én gáán wen.

Puk B is net so fiks en net so gemotiveerd. Ons sien uit na 20 Augustus 1977 om sodoende in drie jaar 'n vyfde oorwinning agter ons naam te skryf.

PU-LANDLOOP

Aan al die Kovsie-langasems sê ons baie welkom in Potchefstroom en veral welkom by die PUK. Die Puklandlopers is reg vir julle al was die uitslag by die S A U in julle guns.

Mag die wedlope in alle erns plaasvind en opregte sportmangees hoogty vier, maar ek sê nog julle moes ekstra longe saamgebring het om ons te klop.

H. Botha
Voorsitter
PU-Landloop

PU-TENNIS

Die Intervarsity teen Kovsies (ons tradisionele "vyande") is elke jaar die hoogtepunt van die jaar se sportgebeure. Hierdie jaar gaan die grootste intervarsity wees wat die PUK nog belewe het, en dit om een rede – ons gaan Kovsies die grootste pak in die geskiedenis gee.

Die PU-Tennisspan het die afgelope aantal jare met reëlmatige eentonigheid die Intervarsity gewen en ons hoop van harte dat Kovsies hierdie jaar die teenstand, wat ons van só 'n groot Universiteit verwag, sal bied.

Ons hoop dat Kovsies nogtans die naweek sal geniet (alhoewel ons begrip vir hulle droefheid sal hê) en dat ons tennis sal speel met 'n ware Intervarsity-benadering maar dat die goeie gees tussen Kovsies en PUK sal seëvier.

Aan alle Kovsies en in besonder al die tennisspelers – Baie welkom!

Steinman de Bruyn
Voorsitter
PU-Tennisklub

VALSKERM

Eerste op die Intervarsity program is valskerm. Vanaf 13h00 op Vrydag die 19de tot Saterdag spring ons teen die Kovsies om hulle te wys dat die Puk ook baas is in die lug.

Juis hierdie sport verleen iets heel besonders aan Intervarsity aangesien dit die enigste Intervarsity is waar daar ook in Valskerm meegeding word.

Dit is die tweede keer dat ons teen Kovsies spring en alhoewel hulle verlede jaar naelskraap gewen het, gaan die "vere" hierdie keer waai. Drie spanne is ingeskryf wat 'n damesspan insluit (Hoe's daai vir Womans Lib). Hulle sal akkuraatheidspronge uitlos.

As julle wil sien hoe vou die Kovsies sommer so vroeg-vroeg, kom kyk dan hoe waai die "vere" op die Potch Militêre Vliegveld.

Pepsi van Vuuren

PU – SKERMKLUB

MET Intervarsity voor die deur, is die Skermers hard besig met die groot voorbereiding ter slagting van die Kovsies.

Ons het met groot welslae met hier en daar 'n ongelukkie, tydens die SAU – toernooi teen hulle gebots.

Maar ons lemme is geslyp en ons wag – vir die groot oorwinning in die Skermsaal. My hart is groot want ek is trots op my span – want die Kovsies gaan soos gewoonlik fisies en geestelik verslaan word.

My vuis is in die lug en my mond glimlag want oorwinning is ongetwyfeld.

Teresa Scott
Kapteine

IBBIES VS IRAWAS

ware Maatstaf van rugbykrag?

ALLES dui daarop dat die Intervarsity van 1977 baie interessant sal wees. Albei eerste rugbyspanne beskik oor etlike provinsiale spelers. Aan Shimla-kant is daar selfs 'n Springbok of wat. Die enigste gevolgtrekking is dat rugby uit die boonste rakke gesien gaan word. Daar heers ook groot belangstelling vir die koshuisrugby van Saterdagoggend. Ons koshuisspanne is die fondament van ons studenterugby. Van groot belang is ook die kragmetings tussen die twee o/20 spanne en dié tussen die Ibbies en die Irawas, albei volwaardige eersteliga spanne. Die rugbykrag van die twee Universiteite sal ook aan die uitslae van hierdie wedstryde gemeet kan word.

Die rugbyklub van die PU vir CHO voel trots om die gashere te wees van ons veel geroemde en beroemde „vyande". Mag die 37ste Intervarsity tussen ons twee Universiteite weer eens 'n mooi karakter en goeie gees openbaar.

'n Besondere woord van welkom aan alle afrigters. Baie tyd en aandag word bestee om die studente goeie rugby te leer. Mag die vrug op die arbeid genotvol wees. 'n Hartlike woord van dank aan al die skeidsregters wat sal optree asook aan die organiseerders van die Intervarsity. En laaste maar nie die minste nie, dankie vir die ondersteuning vanaf die paviljoene en kantlyne!

Willem Scott
Voorsitter rugbyklub
PU vir CHO

PLUIMBAL

MET Intervarsity 1977 op die hande kom daar 'n gevoel van opgewondenheid by 'n mens op.

In die Pluimbalklub is daar egter baie hard gewerk. Die twee spanne is baie goed voorberei en besef die moeilike taak wat op hulle wag.

Verlede jaar het ons maklik gewen, maar tydens vanjaar se SAU - toernooi moes ons die onderspit delf. Dit het ons slegs laat harder werk om die neerlaag te wreek.

Die Pluimbalklub wens alle ander klubs sterkte toe in hul stryd teen die Kovsies. Die PUKKE, geniet die Intervarsity ten volle en kom ondersteun ons in die L O-saal om 7:00nm.

Sakkie Robinson
Voorsitter
PU-Pluimbalklub

BESTE PUKKE EN KOVSIES

NOG 'n jaar daarmee heen – "gelukkig" – en hier is ons alweer midde in 'n nuwe Intervarsity, en hierdie keer in Potchefstroom. Baie welkom dus aan al die Vrystaters. Ek hoop nie julle sal teleurgesteld teruggaan nie, want die Pukke is beroemd vir hul onvoorspelbaarheid.

Laat ons van hierdie Intervarsity 'n groot een maak, soos net alleen die Pukke en Kovsies dit kan doen; 'n ware Intervarsity op sportgebied sowel as op die paviljoene. Gee aan elke span die applous en toejuiging wat hom toekom. Alleen dan kan sport seëvier en die goeie verhouding tussen dié twee Universiteite bevorder word.

Nogmaals baie welkom en maak dié Intervarsity die moeite werd!

Peet Badenhorst
Sportraadvoorsitter

TRADISIE VAN HALFEEU

Ewie Cronje
UOVS-Sportadministrateur

'N TRADISIE wat 50 jaar gelede begin is, bereik weer op 20 Augustus 1977 luisterryk 'n hoogtepunt wanneer duisende Pukke en Kovsies mekaar op die sportveld en die pawiljoen pak.

Ons bring hulde aan die persone wat vyftig jaar gelede die inisiatief geneem het vir die instel van hierdie intervarsity en wil die hoop uitspreek dat elkeen wat meedoen aan vanjaar se spel en jolyt, dit op egte studentewyse sal geniet.

Aan die Puk-reëlingskomitee en veral die Sportinstituut sê al die Kovsies baie dankie vir u harde werk. Mag ons almal vanjaar die intervarsity wen.

TENNIS:

KLUB SOM OP

1. Dertien Pukke het aan die toernooi te Umhlali aan die Natalse noordkus deelgeneem wat vanaf 11 – 19 Julie plaasgevind het. Dit was 'n baie aangename toernooi en hier is van die goeie resultate van die Pukke.

(i) MANS ENKELS:

Fanie Campher verloor in die semi-finaal teen D. Hayes van Natal wat die toernooi gewen het.

(ii) MANS DUBBELS:

Fanie en J. Vorster van Tukkies verloor in die semi-finaal teen C. Ferreira en L. Naudé van S. Tvl.

(iii) GEMENGDE DUBBELS:

Bennie Hattingh en Mariette Schoonraad verloor in die kwarteindronde. Fanie en Ingrid Louw verloor in die finale teen twee noordtransvalers J. Louw en H. Frökling. Henry Jacobs en M. Schoonraad verloor in die semi-finaal van die voorgee item (handicap).

(iv) DAMES ENKELS:

Mariëtte Schoonraad verloor in die finaal van die voorgee (handicap) teen Heidi Fröhling van Tukkies wat vier titels gewen het op die toernooi.

(v) DAMESDUBBELS:

Erika Duvenhage en Joana verloor in die semi-finaal teen die wenners M. Schoonraad en Barbara verloor in die finaal teen H. Fröhling en A. Vorster van Tukkies. Erika en Joana haal ook die finaal van die voorgee item (handicap).

2. Fanie Campher het verder presteer deurdat hy EEN van AGT spelers in die land is om aan die toernooi op Windhoek vanaf 25-30 Julie te gaan deelneem.

3. Die W.Tvl. geslote kampioenskap word op die PUK bane vanaf Saterdag 30 Julie to Saterdag 6 Augustus afgehandel. Baie Pukke is gekeur vir die toernooi en ons noem slegs die enkels se keuring van Pukke.

MANS: Fanie Campher (1), Pieter Campher (2), Clive Botha (4), Derek Botha (6), Bennie Hattingh (7).
DAMES: Barbara du Busson (3) Sarmarie Oosthuizen (7).

4. Die tennis van die koshuise kom ook nou vinnig tot 'n einde en hier is die stand van sake: (Sommige uitslae is nog uitstaande en dit is dus nie die finale stand nie).

DAMES: AFDELING A:

Klawerhof A – 14 (wenners)
Heide – 12
Oosterhof A – 10
Vergeet-my-Nie B – 4
Dorp – 6
Kasteel A – 4
Wanda B – 4
Kulu – 0

DAMES: AFDELING B:

Wag-'n-Bietjie A – 12
Klawerhof B – 6
Karlien – 4
Wag-'n-Bietjie B – 4
Kasteel B – 6
Wanda A – 8
Vergeet-my-Nie A – 0 (nie gespeel nie)

MANS: AFDELING A:

Caput – 6
Hombré A – 4
Overs – 2
Klooster – 0

MANS: AFDELING B:

Drakenstein – 8
Hombré – 6
Dorp – 6
Klooster A – 2
Dawie Dup – 0

Die Finaal sal nie meer op 6 Augustus plaasvind nie maar met die volgende koshuise gereël word.
Dames: Klawerhof A teen Wag-'n-Bietjie A
Mans: Drakenstein in teen Caput.

Bg. vier spanne sal dus ook Saterdagoggend van die intervarsity teen Kovsies se koshuise te staan kom.

KARATE HET POTENSIAAL

Gedurende die S.A. Universiteite karate-kampioenskappe gehou op 1 en 2 Julie in die sportsaal van R.A.U. het die verskillende universiteitspanne teen mekaar te staan gekom.

Die PUK-karatespan het bestaan uit: Piet Roodt, Piet Groenewald, Corrie Botha, Bennie Botha en Derek Momberg. Corrie Botha het die S.A. Universiteitespan slegs met 'n paar punte gemis en is gekies as reserwe vir die Wes-Transvaalse span. Hy kon egter nie deelneem nie.

Die uitslag van die universiteite was as volg: R.A.U., Tukkies, Stellenbosch, Wits, Kovsies, Pukke, U.C.T. en laaste was Natal.

Hoewel die Pukke met punte teen Kovsies verloor het, sien hulle kans vir hulle met intervarsity en behoort dit 'n baie interessante botsing tussen die twee te wees.

P.U. DAMES OORHEERS LANDLOOP

Die P.U. dames lewer bogemiddelde prestasie in die 1977 SAU Landloopseisoen. Hulle stap eenvoudig met die louere weg.

Die Puk se vier voorste landloop-dames het die kampioenskappe oorheers. Drie van die vier dames het onder die eerste vyf atlete geëindig. Hulle was Alta Stander, Marietjie Barnard, en Louise van Biljon. Hulle is ook vereer met SAU-kleure.

Met die gesogte Mainstay-padaflos was dit weereens die Puk-dames wat eerste oor die wenstreep gedraf het om vir Stellenbosch, wat tweede geëindig met bykans 'n minuut te klop. Die dames het twee trofeë gewen naamlik die SAU en Mainstay aflostrofeë.

Gert Doorewaard.

SAU vs. O.P. vs. Grens.

Tweede – Alta Stander – tyd. 14:37 – SAU-span.
Vierde – Marietjie Barnard – tyd. 14:43 – SAU-span.
Sesde – Anlene Claassen – tyd. 14:56 – Puk.
Sewende – Louise van Biljon – tyd. 15:06 – SAU-span.
Sewentiende – Petro Muller – tyd. 15:54 – Puk.

Die Mainstay vroue SAU-aflos en interklubkampioenskappe se afstand was 4 x 1¼ myl en die uitslae het as volg daar uitgesien.

Marietjie Barnard	8 min. 24 sek.
Anlene Claassen	8 min 30 sek.
Louise van Biljon	8 min. 34 sek.
Alta Stander	8 min. 03 sek.

Alta se tyd was die vinnigste van alle deelnemers.

Die P.U. mans het vyfde geëindig. Gert Doorewaard het SAU-kleure verwerf met 'n tweede plek. Nollie Meintjies is as reserwe vir die SAU-span aangewys. Die P.U. mans behaal 'n vierde plek tydens die Mainstay padaflos.

Saterdag 30/7/77 het Gert Doorewaard die Noord-Transvaalse Landloopkampioenskappe ingepalm, en met goeie atlete soos Geoff Tribe afgereken. Daaropvolgende Saterdae palm hy die Wes-Transvaal en Suid-Transvaal kampioenskappe in.

PUK WEN EERSTE BINNENSHUISE HOKKIELIGA

Die PUK se eerste manshokkiespan het die afgelope seisoen presteer deur die eerste binnenshuise-liga in die Vaaldriehoek te wen. Agt wedstryde is gespeel waarvan vyf gewen is, twee gelykop geëindig het en slegs een verloor is.

Binnenshuise-hokkie word gespeel deur ses spelers aan 'n kant met 'n maksimum van ses reserwes per span. Die bal mag slegs gestoot word en balbeheer speel 'n groot rol. Die grootte van die baan met 'n sement oppervlakte is omtrent die helfte van 'n gewone hokkieveld.

Die spanne wat deelgeneem het was twee spanne van Vanderbijlpark, Sasolburg, Vereeniging en die Pukke.

RUGBY:

S.A.U. O/20 TOERNOOI

Die Puk se O/20 rugbyspan het die vakansie die Puk se naam hoog gehou op die S.A.U. O/20 toernooi.

Hulle het vier wedstryde gespeel en twee gewen en twee verloor. Hulle het goed vertoon teen die sterk Tukkiesspan en verloor met 31-22. Hulle verloor ook teen U.P.E. naelskraap 16-13.

Hulle het egter vir Natal Universiteit "gemurrayfield" en wen met 44-0, in 'n wedstryd waarin hulle skitterende rugby gespeel het. Dit word opgevolg met 22-15 oorwinning teen Wits.

Drie Pukke word ook gekies vir die S.A. Universiteite se O/19 span. Nick Rossouw (broer van André) word ingesluit op heelagter. Cobus van Wyk op losskakel en flank George van Zyl. Dawid Marais is reserwe vir die span. Cobus van Wyk moes homself egter onttrek aan die span weens 'n ernstige beenbesering.

STERK PUK WORD KAMPIOEN

Koos Henning, 'n Puk-student, gaan aan die Sekondêre Senior Gewigoptel-Kampioenskappe deelneem in Pietermaritzburg as lid van die S A Universiteite span oor twee weke.

Op die SA Junior Kampioenskappe het hy die goue medalje in die liggewig afdeling (67kg) met stote van 115 kg in die ruk-en-pluk en 85kg in die opraap verower.

Verlede Saterdag, die 6de Augustus 1977, in Durban teen Natal het hy dit al weer verbeter na 120kg (265 pond) en 92½kg (203 pond).

Hy het ook aan die Suid-Tvl. kampioenskappe deelgeneem en eerste plek behaal; asook 2 keer aan die Suid-Tvl. Senior kampioenskappe waar hulle as spanne deelgeneem het.

Gimnaste kom tweede

Die PUKKE het vanjaar vir die eerste keer in die bestaan van ons gimnastiekklub hulle stem baie dik gemaak op die SAU-gimnastiekkampioenskappe. Die gimnastiek was van 'n besonder hoë gehalte en elke gimnas het sy of haar uiterste beste gelewer.

As algehele spanwenners het Pretoria weer eens geseëvier met 30 punte. Die PUKKE was tweede met 24 punte en UOVS derde met 8 punte.

Ons dames het skoonskip gemaak in die damesafdeling deur te wen met 13 punte, met Pretoria in die tweede plek (10 punte) en UOVS derde (8 punte). Ons mans het tweede geëindig in die mansafdeling met 11 punte teenoor Pretoria se 20 punte in die eerste plek en Wits (6 punte) in die derde plek. Wat die spanpogings van die PUK gimnastiekklub soveel meer indrukwekkend maak is die feit dat ons in beide die mans en dames afdelings slegs in 3 grade ingeskryf en deelgeneem het teenoor die moontlike 4 grade waaraan deelgeneem kan word.

Die volgende individuele plekke is verower:

Dames:

Tweede graad – Anita Brewis – Eerste
Derde graad – Alta van Heerden – Tweede
Vierde graad – Rina Landman – Derde

Mans:

Tweede graad – Johan Peyper – Tweede
Derde graad – Hennie Kruger – Tweede
Derde graad – Waldo Brewis – Derde
Vierde graad – Allan Cawood – Tweede
Vierde graad – Barend Taute – Derde

Volkskas praat die taal van kundiges

Die taal wat Volkskas praat, val soos klinkende munt op die oor van die vernuftige belegger.

Volkskas kan bekostig om soos 'n kenner sy sê te sê: want sedert die vroegste dae groei Volkskas saam met die land en sy mense. Ken hy hulle aard, hulle behoeftes, hulle lojaliteite.

Daarom praat Volkskas saam . . . in 'n tradisie van diens en kundigheid.

Kom praat met die bank wat verstaan.

Volkskas
(Geregistreerde Handelsbank)

DIE PUKSPAN

PUK Iste Span

Agter v.l.n.r.: Pan Coetzee (Haker), André Markgraaf (Slot), James Stofberg (Kaptein) (Agtsteman), Okkie Oosthuizen (Stut), Boeram Venter (Stut), Sors Greyling (Heelagter), Louw Venter (Vlank), Dries Coetzer (Vlank).

Voor v.l.n.r.: Gerhard Weits (Vleuel), Teuns Eloff (Senter), André Rossouw (Losskakel), Flippie Venter (Skrumskakel), Hendrik Crafford (Senter), Willie Smith (Vleuel).

Afwesig: Johan Strydom (Slot).

Heelagter: Sois Greyling

Reeds vier Intervarsities gespeel. Sois die mees onverskrokke heelagter in die land. Reeds sy staal getoon en Wes Transvaal verteenwoordig. Ongelukkig om nie 'n gereelde Wes Transvaal speler te wees nie.

Vleuels: Gerhard Weitz

Gerhard se tweede Intervarsity, maar het die hele seisoen vir Wes Transvaal gespeel. In sy eerste Curriebeker seisoen het hy reeds vyf drieë gedruk.

Willie Smith

Willie is op die oomblik Wes Transvaalse losskakel, maar het die Puk op senter en vleuel op intervarsity gespeel. Willie is vinnig en die man wat hom merk sal moet bontstaan.

Senters: Hendrik Crafford

Craffies het sy debuut teen RAU die begin van die jaar gemaak en sedertdien het sy rugby van krag tot krag gegaan. Hy het Wes Transvaal "B" op senter verteenwoordig. Die mees onderskatte senter in Wes-Transvaal

Theuns Eloff

Niemand sal ooit vergeet hoe die Puk O/20 Kovsies O/20 in 1975 onder leiding van Theuns gewen het. In die Puk agterlyn kan hy dieselfde leiding gee, en is dodelike verdediger. Theuns het Wes Transvaal in vyf wedstryde die seisoen verteenwoordig.

Losskakel: André Rossouw

Met sy ondernemende spel gaan André die Kovsies gedurig aan die raai hou. André het al in vier intervarsities gespeel en Wes Transvaal verteenwoordig totdat asma hom uit rugby gehou het. In vyf wedstryde hierdie seisoen het hy 38 punte in provinsiale rugby aangeteken. Die intervarsity teen RAU het hy die wedstryd vir die Puk gewen.

Skrumskakel. Flippie Venter.

Die skrumskakel wat alles doen. Verdedig, aanval alles kan die klein kêreltjie doen. Teen die beste skrumskakels in die land het hy al sy man gestaan. Hierdie seisoen al Wes Transvaal se wedstryde gespeel en dit sal sy vierde intervarsity wees.

Voorrye: Okkie Oosthuizen

Okkie het reeds vir die Guselle gespeel, Wes Transvaal verskeie seisoene verteenwoordig. Hy het reeds in vyf intervarsity sy man gestaan.

Boeram Venter

Verlede jaar die O/20 kaptein en speel in sy eerste volwaardige intervarsity. Hierdie jaar vir Wes Transvaal "B" gespeel. 'n Baie beweeglike voorryman, en kan goed "jink".

Slotte: André Markgraaff

André het sy intervarsity debuut teen RAU gemaak en sedertdien ook vir Wes Transvaal gespeel. Teen die Vrystaat het hy meer as sy man gestaan in die lynstane. As stelskopper kan hy baie punte vir die Pukke werd wees.

St Strydom

Die speler wat hierdie seisoen die meeste ontwikkel het. As betreklik onbekende speler het hy gevorder tot Wes Transvaal. In die lynstane en in die skrum doen hy meer as sy werk. Sy vyfde intervarsity.

Flanke: Dries Coetzer

Aanvanklik slot gespeel, maar hierdie jaar besluit om flank te speel. Wen die losbal gereeld. Sy groot bate is sy ervaring en het reeds in sewe intervarsities gespeel.

Louw Venter.

Louw is harde speler wat dit kan vat en uitdeel. 'n Speler met baie ondervinding en altyd op die regte plek. Baie wedstryde al vir Ibbies gespeel en hierdie is tweede intervarsity.

Agsteman: James Stoffbergh (Kaptein)

Ook die afrigter van die span en verskeie intervarsities gespeel. 'n Speler wat die spel vinnig opsom en die regte besluite neem.

SPORTKORRELS

DEUR HANS SAESTAD

INTERVARSITY 'N RYKE TRADISIE

Sedert 1927 ding die Pukke en die Kovsies op die sportveld mee. 'n Tradisie wat gebore is om te bly.

Al om die jaar ontvang ons die Kovsies, heet hulle welkom en dan gaan dit bars. Die Kovsies het al op verskeie kere deurgeloop met hare. Dit is nou die manne wat te vroeg al kom intervarsity hou.

Op die rugbyveld het die Shimlas en die Theo's (die ou naam vir die Puk se eerste span) al 36 keer sake uitgespook. Hiervan het die Shimlas 21 gewen, die Puk 12 wedstryde terwyl drie wedstryde gelykop was.

Namens al die Pukke baie welkom Kovsies en mag sportmangees hoogty fier.

NETBALDAMES VERLOOR NAELSKRAAP

Puk dames eindig vanjaar tweede op die jaarlikse SAU netbaltoernooi te Potchefstroom. Die dames was baie op hulle gemak en dis net te danke aan die puik organisasie en die besondere gees wat daar onder die dames geheers het.

Die kompetisie was veral baie sterk tussen Pukke, Kovsies en Maties. Tuks het dit 'n bietjie opdraend gehad met veral die eerstejaars in hulle span.

Port Elizabeth het ook 2 SAU-speelsters in hulle span gehad.

Pukke het die wedstryd teen Maties halftyd nog gewen en omrede die spanning 'n bietjie hoog geloop het en die opgewondenheid hulle duur te staan gekom het wat net 'n ervare span soos Maties kan uitbuit.

Die puntestand was as volg:

1. Stellenbosch - 14
2. Pukke - 11
3. Kovsies - 11
4. Pretoria - 8
5. Port Elizabeth - 6
6. Kaapstad - 3
7. Rhodes - 2
8. RAU - 1

KARATE

Intervarsity met Kovsies!! Sekerlik dié kragmeting van die jaar vir elke sportman aan die PUK.

Verlede jaar het die Karate ietwat sleg daarvan afgekom, maar dit het ons net verder aangespoor om vanjaar meer doelgerig voor te berei. Vanjaar is dit op ons eie bodem en die karate wil bydra tot die algehele oorwinning oor Kovsies.

Kovsies, dink ek, gaan vanjaar nie weet wat tref hom nie, en dan bedoel ek al die sportsoorte.

Karate sal reeds Vrydagaand, 19 Augustus in die Totiussaal plaasvind.

Die voorlopige span is:

Mans: Corrie Botha, Bennie Botha, Pieter Groenewald, Derek Momberg, Piet Roodt.

Dames: Marietjie Tiedt, Magda Holtzhausen

Kom kyk gerus hoe moor ons die arme Kovsies!!

Soos hulle sê: "If you can't beat them, **smash** them!"

Pieter Groenewald
Kaptein/Voorsitter
PU-Karateklub

UITSLAE VAN RUGBY KOSHUISLIGAS

1ste LIGA KOSHUIS	WEDSTRYDE	GEWEN	VERLOOR	GELYKOP	PUNTE
Dawie Dup	12	9	2	1	19
Caput	12	9	3	0	18
Hombré	12	7	2	3	17
Klooster	12	5	7	0	10
Dorp	12	4	7	1	9
Over de Voor	12	4	7	1	9
Drakenstein	12	1	11	0	2
2de LIGA					
Caput	14	13	1	0	26
Over de Voor	14	12	2	0	24
Dawie Dup	14	7	7	0	14
Dorp 11 A	14	6	7	1	13
Hombré	14	6	8	0	12
Klooster	14	4	9	1	9
Dorp 11 B	14	3	11	0	6
Drakenstein	14	3	11	0	6
3de LIGA					
Caput	8	8	0	0	16
Over de Voor	8	5	3	0	10
Hombré	8	4	4	0	8
Dorp	8	3	5	0	6
Dawie Dup	8	8	0	0	0



"Ek vaar beter by Nedbank."

"Nedbank is my soort bank- doeltreffend, flink en vooruitstrewend."

"Op 'n dag het ek besluit ek het 'n bank nodig, een wat pas by my manier van doen. Ek het hulle een vir een deurgekyk. En toe kies ek 'n bank wat so Suid-Afrikaans is soos ek. Nedbank.

"Hul 8%-spaarrekening is loshande die beste. Nedbank se tjekboek gee jou beter diens waar jy ookal gaan. En ek kan ook 'n Studentelening kry as ek dit nodig het. Dan's daar die Nedbank Passport-tydskrif, gratis elke maand. En die personeel by Nedbank is my soort mense. Ondernemend, inskiklik en baie bekwaam.

"Wat my betref, kom g'n bank naby Nedbank nie."

NEDBANK

Nedbank Beperk. Geregistreerde Handelsbank

DIE TOEKOMS LÊ BY DIE NEDBANKERS.

VZ77/3993